Verwysing: 20200821-7611
Lêerno.: 13/1/3
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0011/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Bestuur van assesseringsakkommodasie/konsessies gedurende die afneem van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen

1. Hierdie minuut moet gelees word saam met die volgende dokumente:

Beleidsdokument	Titel	Inhoud
Omsendbrief 0017/2016, van 19 April 2016	*Bestuur van assesserings-akkommodasie vir leerders wat hindernisse ten opsigte van leer en assessering ervaar: Graad R–12, en vir leerders wat immigrantstatus vir assesserings-doeleindes versoek: Graad 4–12.*	Verskaf die beleid en proses om assesserings-akkommodasie te bestuur.
Assesseringsbestuurs minuut 0005/2017, van 16 Maart 2017	*Verdere riglyne oor die bestuur van assesseringsakkommodasie konsessies vir leerders wat hindernisse ten opsigte van leer en assessering ervaar: Graad R–12, en vir leerders wat immigrantstatus vir assesseringsdoeleindes versoek: Graad 4–12.*	Gebruik van die SIAS-beleid tydens die aansoekproses vir akkommodasie. Bywerking van administrasie vir assesserings-akkommodasie.

Assesseringsbestuurs minuut 0001/2019, van 28 Januarie 2019	*Wysigings aan die riglyne oor die bestuur van* *van assesseringsakkommodasie/ konsessies vir leerders wat hindernisse ten opsigte van leer en assessering ervaar: Graad R–12, en vir leerders wat immigrantstatus vir assesseringsdoeleindes versoek: Graad 4–12.*	Voorsien die proses wat gevolg moet word voor daar vir 'n assesserings-akkommodasie aansoek gedoen kan word. Geen nuwe aansoek vir akkommodasie in graad 12 nie.

2. Alle leerders wat in aanmerking kom vir assesseringsakkommodasie/konsessies vir hul graad 12-eksamens, moes die betrokke aansoeke in hul graad 10-jaar ingedien het om te verseker dat daar voldoende tyd was om met die toegekende assesseringsakkommodasie/konsessies te oefen en dus voordeel daaruit kan trek.

3. Die doel van assesseringsakkommodasie/konsessies is om dit vir leerders, wat spesifieke leerhindernisse ervaar, moontlik te maak om hul vaardighede tydens die eksamen te demonstreer sonder om die afneem van die assessering te verander. Dit behoort egter nie 'n leerder voordeel bo ander leerders te gee nie.

4. **Bylae A** bied riglyne oor hoe om akkommodasie/konsessies gedurende die afneem van die eksamen te bestuur.

5. Met inagneming van die huidige Covid-19-voorskrifte, word die volgende riglyne voorsien in gevalle waar leerders van skrywers/voorlesers gebruik maak:

5.1 Temperatuurkontrole en sifting moet standaard wees vir almal wat die skool betree. As die persoon se temperatuur te hoog is (meer as 37.5 grade), moet hy/sy nie toegelaat word nie.

5.2 Alle persone wat die skool betree, moet 'n masker dra wat hul neus en mond bedek. Hulle moet hul hande ontsmet voordat hulle die skoolgebou betree.

5.3 Alle persone wat die skoolterrein betree, moet 'n afspraak met die prinsipaal of 'n gedelegeerde owerheid hê. Om hierdie rede moet skrywers/voorlesers eers by die gedelegeerde owerheid aanmeld waar hulle inligting oor die skool se Covid-19-voorskrifte sal ontvang.

5.4 Handreiniging moet by die ingang van elke klaskamer beoefen word. Gereelde reiniging moet volgens die skoolpraktyk gehandhaaf word.

5.5 Die skrywer/voorleser en die leerder moet 'n fisiese afstand van ten minste 1.5 meter van mekaar handhaaf.

5.6 Opnames moet steeds gedoen word van alle menslike hulp tydens assesserings. As dit moeilik is vir die skrywer en/of die leerder om mekaar te hoor, kan die masker verwyder word solank die voorgeskrewe fisiese afstand van 1.5 meter beoefen word. Gesigskerms en lessenaarskerms kan ook as opsies beskou word om veiligheid te verseker en klankoordrag te verbeter.

6. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers, opsieners en ouers te bring om te verseker dat alle rolspelers ingelig is oor die bestuur van akkommodasie gedurende die eksamens.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-09-16